MENLO-AKTIWITEITE EN COVID-PROTOKOL

ALLE SPORT- EN KULTUURAKTIWITEITE WAT NA SKOOLURE OP DIE TERREIN PLAASVIND, VIND OP VOORWAARDE VAN STRENG NAKOMING VAN COVID-REGULASIES PLAAS.

Verontagsaming van enige COVID-protokol sal tot die onmiddellike opskorting van deelname van die span of aktiwiteit, waar die protokol nie nougeset nagekom is nie, lei.

COVID-PROTOKOL VIR ALLE MENLO-AKTIWITEITE

AANKOMS

- Deelnemers/lede/spelers betree die skoolterrein via die SPORTHEK in Rosemaryweg.
- GEEN MASKER; GEEN TOEGANG. Maskers moet behoorlik oor die neus en mond pas.
- Sanitering van hande sal by die hek plaasvind.
- Sosiale afstand van 1.5 meter moet voortdurend gehandhaaf en gerespekteer word vir toelating tot die terrein na skoolure.
- Deelnemers beweeg dadelik na die spesifieke area van deelname en wag daar totdat die aktiwiteit begin terwyl maskers steeds gedra word.

DEELNAME

- Die dra van maskers en die handhawing van sosiale afstand totdat die aktiwiteit begin, is ononderhandelbaar.
- Alle persone op die terrein moet sy/haar masker behoorlik dra.
- Indien deelnemers voor deelname iets eet of drink, moet sosiale afstand van meer as 1.5 m gehandhaaf word.
- Handhaaf behoorlike sosiale afstand vir opwarming, oefening en spanpraatjies – maak die kring groot en staan ver weg van mekaar.
- Maskers kan slegs in opdrag van die afrigter/organiseerder afgehaal word wanneer die aktiwiteit begin.
- Elke deelnemer moet vir sy eie waterbottel en eetgoed sorg. Geen samedromming by krane word toegelaat nie.

NA AFLOOP VAN AKTIWITEIT/DEELNAME

- Maskers word direk na afloop van die aktiwiteit weer aangesit. Geen deelnemer mag die bane, velde of fasiliteite verlaat sonder dat sy/haar masker behoorlik gedra word nie.

- Deelnemers verlaat die terrein onmiddellik na afloop van die aktiwiteit – geen toeskouers word toegelaat nie.
- Die teenwoordigheid van enige persoon wat nie op 'n spesifieke oomblik deelneem nie, moet deur die organiseerder of akademiehoof goedgekeur wees.
- Deelnemers wat by die Sporthek vir hulle ouers wag, moet ten alle tye maskers dra en sosiale afstand handhaaf.

Deelnemers wat siek voel

- Geen persoon wat enige COVID-simptome toon, mag oefeninge of aktiwiteite bywoon nie.
- Afrigters en organiseerders moet onmiddellik (deur 'n deelnemer self of deur sy/haar ouers) in kennis gestel word indien 'n leerder siek voel of enige Covid-simptome toon.
- Volg die stappe soos deur die skool uiteengesit indien daar kontak met 'n bevestigde Covid-geval was.

LET WEL

- Oortreding van die COVID-regulasies sal tot die onmiddellike opskorting van deelname van die span of aktiwiteit, waar die protokol nie nougeset nagekom is nie, lei.
- Almal is saam verantwoordelik vir die toepassing en nakoming van die reëls.

OORTREDING VAN COVID-PROTOKOL SAL NIE GEDULD WORD NIE. DIE VOORREG VAN DEELNAME IS SLEGS MOONTLIK INDIEN COVID-PROTOKOL NAGEKOM WORD.